2022/3

# GEDRAGSKODE BELEID

1. **Inleiding**

Hierdie beleidstuk is opgestel om die etos, waardes en tradisies van Laerskool Knysna te ondersteun en te beskerm.

2. **Gedragskode**

Die Beheerraad van Laerskool Knysna aanvaar hierdie kode. Die kode voldoen aan die Onderwyswet van 15 November 1996.

3. **Definisies**

In hierdie gedragskode is die volgende definisies van toepassing:

"**Beheerraad**": 'n Beheerraad soos gedefinieër in artikel 16(1):(v) van die Onderwyswet van 15 November 1996.

**"Skoolhoof"**: Die hoof van Laerskool Knysna.

**"Onderwyser"**: 'n Werknemer van Laerskool Knysna, wat in ooreenstemming met die Wet op die aanstelling van Onderwysers 1994, in diens van Laerskool Knysna is.

"**Departementshoof":** Die hoof van 'n interne departement van Laerskool Knysna.

**"Leerder":** Enige persoon wat onderrig by Laerskool Knysna ontvang.

**"Grondslagfase":** Verwys na die leerders in Graad 1 tot Graad 3.

**"Intermediêre Fase":** Verwys na die leerders in Graad 4 tot Graad 6.

**"Senior Fase":** Verwys na die leerders in Graad 7.

**"Klasonderwyser":** Is 'n persoon wat alle leerareas vir een klas aanbied.

**"Leerarea-onderwyser":** Verwys na 'n persoon wat een of meer leerareas aan verskillende klasse aanbied.

**"Skoolbestuurspan":** Verwys na die komitee wat vir die bestuur van Laerskool Knysna verantwoordelik is en bestaan uit die skoolhoof, adjunk-hoof, departementshoofde en ander gekose persone.

**"WKOD":** Weskaapse Onderwys Departement.

**4. Benadering tot die beleidstuk**

4.1 **Filosofiese benadering:** Ons beskou elke leerder as 'n unieke wese wat 'n positiewe Godgegewe potensiaal het om ten volle te bereik. In ons skool word hierdie talente verken en ontwikkel onder leiding van 'n volwasse onderwyser in 'n ordelike, gestruktureerde omgewing.

4.2 **Opvoedkundige benadering:** Die skool se benadering tot dissipline word gedoen in 'n gees van goedhartigheid, liefde en ondersteuning. Kinders word aangemoedig om uit hul foute te leer. Dit impliseer die volgende:

4.2.1 Leerders sal onderwerp word aan reëls en regulasies met die nodige sensitiwiteit en begrip.

Dissiplinêre optrede behoort slegs nodig te wees as dit blyk dat die leerder se houding of gedrag nie ooreenstem met die waardes en reëls van die skool nie.

4.2.2 Simpatieke gesag sal op leerders wat die reg het om gehoor te word, toegedien word.

4.2.3 Die waardigheid van die leerder en die spesifieke omstandighede waarin hy/sy hom/haar bevind sal deurgaans 'n hoë prioriteit geniet.

4.3 **Godsdienstige benadering:** KPS se godsdiensbeoefeningsbeleid sal 'n ENKELE GELOOF wees, naamlik CHRISTELIK. KPS gee erkenning aan die multikulturele- en multigeloofsgemeenskap. Daarom sal gesinne van alle gelowe as deel van die KPS-familie aanvaar word. Almal het die reg op vryheid van gewete, denke en geloof.

4.4 **Helende benadering:** Die doel is die herstel van emosionele en fisiese skade. Om reg te stel. Die fokus is op herstel, verskoning en heelmaak. Die behoeftes van die geaffekteerdes word aangespreek en in ag geneem.

4.5 **Dissiplinêre benadering** (verwys na dissiplinêre sanksies)

Geen persoon mag lyfstraf op 'n leerder toedien nie.

Elke personeellid is vir die dissipline verantwoordelik, het volle gesag en die verantwoordelikheid om die gedrag van leerders te korrigeer waar en wanneer nodig. Enige korrektiewe maatreël van dissiplinêre stappe sal konsekwent en in ooreenstemming met, en toepaslik op die oortreding wees. Oortredings sal deur die betrokke personeellid, of deur 'n spesiaal verkose komitee, wat SBR-lede kan insluit, aangespreek word. 'n Geskrewe verslag van hierdie oortredings en dissiplinêre stappe geneem, sal op die leerder se lêer gehou word. Oortredings sal volgens aard en graad van erns van die oortredings gegradeer word, waarvan Graad 4-oortredings die ernstigste is.

**5. Inskrywing**

Deur u kind by Laerskool Knysna in te skryf, onderneem u om toe te sien dat u kind die gedragskode sal nakom. Ouers sal hulself weerhou om op enige sosiale mediaplatform die skool en sy personeel te laster.

## SKOOLREËLS

**1. Inleiding tot die Algemene Beginsels**

1.1 Daar word verwag dat leerders te alle tye op 'n hoflike en bedagsame wyse teenoor mekaar en teenoor personeel sal optree.

1.2 Geen leerder het ooit die reg om op 'n wyse wat leeraktiwiteite van ander kinders ontwrig, of ander leerders fisiese of emosionele skade aandoen, op te tree nie.

1.3 Alle leerders het die reg tot onderwys wat vry is van inmenging, intimidering en/of fisiese mishandeling. Die leerders sal die eiendom en veiligheid van ander leerders respekteer.

1.4 Die skool sal ouers/voogde kontak as 'n leerder se gedrag kommer wek, maar sal daarna streef om in die gees van 'n opbouende vennootskap die probleem op te los.

1.5 Ouers het die reg om te appélleer as dissiplinêre stappe geneem is. Indien voldoende grond vir die versoek bestaan, sal hulle 'n geleentheid gegee word om aan te dui waarom die stappe nie oorweeg moet word nie.

**2. Skool- en Klasbywoning**

2.1 Alle leerders moet voor die amptelike begintyd by die skool wees.

2.2 Afwesigheid uit die klas sonder die verlof van die betrokke register- of vakonderwyser, is verbode.

2.3 Enige afwesigheid van die skool moet ondersteun word deur 'n brief van 'n ouer/voog.

2.4 Indien 'n leerder vir 'n tydperk van drie (3) dae of langer afwesig is, moet hierdie afwesigheid ondersteun word deur 'n brief van 'n mediese dokter, tradisionele of geregistreerde kruiedokter.

2.5 Enige afwesigheid tydens 'n formele eksamen, toets of taak, moet ondersteun word deur 'n brief van 'n mediese dokter, tradisionele of geregistreerde kruiedokter.

2.6 Indien 'n leerder afwesig is tydens formele eksamens, toetse of take moet 'n mediese sertifikaat ingedien word. Geen punte sal toegedien word voordat alternatiewe datums getref word nie. Dit is die verantwoordelikheid van die ouer om hierdie reëling met die betrokke onderwyser te tref.

2.7 Geen leerder mag die skool tydens skoolure verlaat sonder 'n brief van die ouer/voog waarin verlof van die skoolhoof/adjunk-hoof/graadhoof gevra word nie. Die leerder moet by ontvangs uitgeteken word.

2.8 Stokkiesdraaiery by die skool is verbode.

2.9 Geen leerder mag die skoolgronde sonder die verlof én kennisname van die kantoor, verlaat nie.

2.10 Leerders moet binne die skoolgronde vir hul ouers wag.

2.11 **Leerders moet betyds by die skool gehaal word. (verwys na skooltye)**

**3. <u>Skooldrag en Algemene Voorkoms</u>** (verwys na kleredrag-beleid)

Daar word van leerders verwag om die volle amptelike skooldrag te dra en by die skool, sowel as in die openbaar, skoon en netjies te lyk.

3.1 Geen bybehore wat nie volgens die skool se regulasies is, word toegelaat nie.

3.2 Slegs oorbelle (silwer of goue 'sleepers' of 'studs' sonder steentjies/kleur), gewone horlosies en 'medic-alert' kettinkies mag gedra word. Geen nuwe "*Smart*" of "*Slim*" horlosies, wat funksies van selfone het, word toegelaat nie.

3.3 Geen bykomstighede, gekleurde kontaklense of sigbare tatoeërmerke word toegelaat nie.

3.4 **HARE:** By Laerskool Knysna glo ons dat elke kind hom-/haarself moet definieër deur sy/haar woorde en optrede, **NIE deur uiterlike voorkoms of die nakoming van modeneigings nie.** Aangesien ons in 'n formele skoolopset is, is dit verligtend vir elke leerder om die skool se etos te eerbiedig en te weerspieël.

**<u>MEISIES</u>**

| TOELAATBAAR | ONTOELAATBAAR |
|---|---|
| • Skoon, netjiese en versorgde hare | • Vuil, onversorgde hare |
| • Wit of swart haarbykomstighede | • Enige gekleurde haarbykomstighede |
| • Eenvoudige en funksionele haarbykomstighede | • Dekoratiewe haarbykomstighede |
| • Hare wat aan die kraag raak word vasgemaak | • Lang, los hare |

| | |
|---|---|
| • Hare moet in een/twee dele vasgemaak word, bv. een/twee vlegsels of poniesterte of "Bantu Knots" | • Hare wat in meer as twee dele vasgemaak word, bv. drie of meer vlegsels, poniesterte of "Bantu Knots" |
| • Netjiese, dun verlengingstukke ('braiding'), maar nie langer as 20cm nie en moet vasgemaak word. | • Onnet, dik verlengingstukke ('braiding') langer as 20cm |
| • Verlengingstukke ('braiding') moet dieselfde wees as natuurlike haarkleur | • Verlengingstukke ('braiding') wat kontrasteer met natuurlike haarkleur |
| • Natuurlike hare | • Gebleikte, gekleurde, geskeerde hare of sonstrepies |
| • 'Cornrows' – netjies gevleg | • 'Cornrows' - onnet / te dik gevleg |

**SEUNS**

| **TOELAATBAAR** | **ONTOELAATBAAR** |
|---|---|
| • Kort, skoon, netjies en versorgde hare | • Lang, vuil en onnet hare |
| • Oë, ore en kraag moet oop wees | • Hare wat in die oë, oor die ore en op die kraag hang |
| • Natuurlike haarkleur | • Gebleikte of gekleurde hare en sonstrepe |
| • Hare mag kort geskeer word | • Afgeskeerde hare, patrone in hare geskeer |
| • Sagte haarmiddels | • Haar 'gel" of waks |
| • 'Comb over' – wat geleidelik uitgedun is | • 'Comb over' met 'n definitiewe 'step' |
| • Kort 'fade' haarstyl | • 'High top' / lang hare, 'fade' haarstyl |

3.5 Vingernaels moet te alle tye kort en skoon wees.

3.6 Gedurende geleenthede waar ontspanningsdrag toegelaat word, moet leerders netjiese, aanvaarbare klere dra. Geen stranddrag, styfpassende, deursigtige of onthullende klere ("croptops") word toegelaat nie. Hare, skoene en bykomstighede moet te alle tye netjies wees.

3.7 Geen sweetpak of ander klere mag oor die amptelike skooldrag gedra word nie.

3.8 Gr 4 -7 mag slegs skoolweetpakke vir sport gebruik en nie in die plek van skooldrag nie.

Gr 1-3 dra die skoolsweetpak elke dag in die winter as hul winterskooldrag en L.O. klere in die somer.

3.9 Slegs leerders wat aansoek gedoen het, met die nodige ondersteunende dokumente, en verlof van die Skoolbeheerraad gekry het, mag om godsdienstige of kulturele redes afwyk van die amptelike skooldrag.

3.10 As 'n trui gedra word moet dit 'n vlootblou trui wees. Die skoolreënbaadjie word op reëndae toegelaat.

3.11 Slegs serpe en mussies met die skoollogo op, mag saam met die winterdrag gedra word.

3.12 Swart handskoene word toegelaat en onderwysers sal bepaal wanneer dit verwyder moet word.

3.13 Leerders moet LO-klere tydens LO-periodes dra.

3.14 Verlore klere moet voor die einde van elke kwartaal afgehaal word.

Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir verlore klere nie. **KLERE MOET DUIDELIK GEMERK WEES.**

3.15 Slegs wit frokkies en T-hempies mag onder skooldrag gedra word, maar dit mag nie sigbaar wees nie.

3.16 Skooltasse: Slegs stewige blou of swart tasse word toegelaat.

**4. <u>Waardevolle artikels en Persoonlike besittings</u>**

Die skool sal nie verantwoordelikheid aanvaar vir diefstal van, of skade aan, persoonlike besittings soos selfone, sakke, boeke en klere op die skoolterrein nie.

4.1 As ‘n leerder ‘n selfoon skool toe bring, moet dit by die onderwyser ingehandig word vir veilige bewaring.

4.2 As ‘n ouer van ‘n leerder verwag om skoolfonds namens hom/haar te betaal, moet dit voor skool in ‘n duidelik gemerkte koevert by die kantoor inbetaal word.

4.3 Leerders mag nie speelgoed, rekenaarspeletjies, iPods of soortgelyke elektroniese toestelle of waardevolle artikels skool toe bring nie.

5. **<u>Gedrag</u>**

5.1 Rondslentery en/of speel in en om die gange, trappe en toilette is verbode.

5.2 Stilte moet heers as die leerders die saal binnegaan vir ‘n saalbyeenkoms.

5.3 Leerders wat boodskappe dra of toilet toe gaan tydens klastyd, moet alleen gaan.

5.4 Leerders mag slegs die gange benut as klasse geruil word, kantoor toe gegaan word, of as dit reën.

5.5 Leerders moet die buitedeur naaste aan hul klaskamer gebruik as hul die skoolgebou binnegaan.

5.6 Geen leerder mag die skoolgebou deur die voorportaal van die hoofingang binnegaan nie.

5.7 Slegs klein, sagte balle mag vir balspeletjies gebruik word.

5.8 Balspeletjies mag slegs op die veld en aangewese plekke op die speelgrond gespeel word.

5.9 Bakleiery is verbode, asook om ander leerders te dreig.

5.10 Leerders mag slegs vir noodgevalle die sekretaresse by die kantoor vra om te bel.

5.11 Wanneer siek, kan leerders met die onderwyser se verlofstrokie, kantoor toe gaan sodat die sekretaresse hul ouers kan skakel. Geen leerder mag hul ouers sonder die medewete van die kantoor skakel nie.

5.12 Enige poging tot kullery in huiswerk, informele of formele toetse, of interne of eksterne eksamens, is verbode, asook die afskryf van en/of leen van ander leerders se werk.

5.13 Ontwrigtende, oproerige en/of aanstootlike gedrag sal nie geduld word nie.

5.14 Die tydige inhandiging van werk is elke leerder se verantwoordelikheid.

5.15 Die leerder sal die geloof, kultuur, waardigheid en regte van ander leerders respekteer, sowel as hul reg tot privaatheid en vertroulikheid.

5.16 Diskriminerende rassistiese of ongure taal mag nooit gebruik word nie.

5.17 Enige daad wat 'n leerder se kultuur, ras of geloof verkleineer of verneder is verbode.

5.18 Die besit, kopiëring of lees van aanstootlike materiaal is verbode.

5.19 Die kou van kougom is verbode.

5.20 Flaterwater (bv. Tippex) mag nie in die skool gebruik word nie.

5.21 Die skoolgronde en klaskamers moet te alle tye netjies gehou word. Geen rommelstrooiing nie!

5.22 Alle rommel moet in vullishouers gesit word.

5.23 Die dra of verspreiding van sigarette, 'vapes', alkohol of verdowingsmiddels by die skool of enige openbare plek is verbode.

5.24 **Geen** skerp voorwerpe, messe of wapens mag skool toe gebring word nie.

5.25 Leerders word slegs van LO verskoon as 'n brief van die ouers aangebied word. Vir tydperke langer as een week, word 'n doktersbrief verlang.

5.26 Leerders mag slegs in die kleedkamers verklee vir swem.

5.27 Geen leerders mag die swembadarea en die skool in sy/haar swemklere verlaat nie.

5.28 Geen leerder word in die swembadarea toegelaat sonder die teenwoordigheid van 'n onderwyser of afrigter nie.

5.29 Gedurende pouses, voor of ná skool, mag geen leerder in die saal, vierkant of klaskamers wees nie. (Slegs leiers word vrygeskeld van die reël)

5.30 Leerders sal ander leerders in gesagsposisies respekteer. Hierdie leerders in gesagsposisies sal hulself paslik gedra, die regte van die ander leerders respekteer en nie sy/haar gesag misbruik nie.

**6. <u>Reëls aangaande Openbare Plekke</u>** (verwys na die Godsdiensbeleidstuk)

Die skool is ook 'n plek van veiligheid**.** Leerders moet wegbly van plekke wat as buite perke aangedui is.

Dit sluit in:

6.1 Die motorhuise van die skoolvoertuie.

6.2 Die sportvelde, tennisbane en swembadarea, behalwe gedurende 'n amptelike sportoefening of – wedstryd, of gedurende 'n les onder die toesig van 'n leerarea-onderwyser.

6.3 Geen klim van bome of hang aan takke.

6.4 Elektriese hoofverspreiderpanele, brandblussers en brandslange.

6.5 Parkeerareas.

6.6 Opsetlike beskadiging, vandalisering of verwaarlosing van skooleiendom of die eiendom van andere deur skryf, of 'n fisiese daad, is verbode. So ook die diefstal van skool- of privaat eiendom.

6.7 Geen gevaarlike voorwerp of onwettige verdowingsmiddels soos in die SA Skolewet of die Veiligheidsreëls beskryf, mag op die skoolgronde gebring of gebruik word nie, behalwe met die verlof van die skoolhoof vir 'n opvoedkundige doel. Gevaarlike voorwerpe sluit messe, vuurwapens of enige item wat ander kan beseer, in.

6.8 Die dra en/of rook van sigarette/'vapes' is verbode.

6.9 Alkohol word nie op die skoolperseel of tydens enige skoolaktiwiteit toegelaat nie.

6.10 Die dra en/of gebruik van enige onwettige chemiese stowwe en verdowingsmiddels is verbode.

6.11 Geen leerder mag die hoofhek/voetgangershek in Langstraat gebruik om in of uit te gaan nie, tensy die leerder uitgeteken is by die kantoor.

## **7**. <u>Vervoer</u>

7.1 Leerders wat hul fietse op die skoolterrein wil parkeer, moet verlof hiervoor kry, en moet die afgebakende areas vir hierdie doel gebruik.

7.2 Alle leerders parkeer hul fietse op eie risiko op die skoolterrein.

7.3 Fiets-, skaatsplank- en rolskaatsry op die skoolterrein is verbode.

7.4 Roekelose gedrag is verbode.

7.5 Die Gedragskode is van toepassing wanneer daar van skool- en openbare vervoer van én na die skool gebruik gemaak word .

7.6 Leerders mag nie in skooldrag (formeel of sportdrag) duimry nie.

## 8. **<u>Buitemuurse program</u>**

Betrokkenheid in aktiwiteite in die buitemuurse program vorm 'n belangrike en geïntegreerde deel van die holistiese ontwikkeling van elke leerder. Daarom word van alle leerders verwag om in ten minste een (1) sport-, kulturele en /of diensaktiwiteit per kwartaal aktief betrokke te raak.

8.1 Daar word van die leerder verwag om te alle tye die regte etiket met betrekking tot die spesifieke aktiwiteit toe te pas.

8.2 Waar 'n leerder hom/haar verbind tot 'n aktiwiteit, sal daar van hom/haar verwag word om te hou by die reëls en verpligtinge van die betrokke aktiwiteit.

8.3 Betrokkenheid in 'n aktiwiteit strek oor die hele seisoen/duur wat die aktiwiteit plaasvind.

8.4 Bywoning van alle oefeninge is verpligtend. As 'n oefening sonder 'n geldige, skriftelike verskoning van die leerder se ouers gemis word, mag dit tot gevolg hê dat die leerder die geleentheid ontneem word om aan een (1) interskole-ligawedstyd deel te neem.

8.5 Toepaslike sportuitrusting moet na oefeninge gedra word.

8.6 Die korrekte wedstryddrag en –toerusting sal gedurende interskole-ligawedstryde van toepassing wees.

8.7 Leerders wat na 'n skoolaangeleentheid reis, sal dit in volledige skooldrag doen, behalwe as ander reëlings getref is.

8.8 Sportuitrustings moet in 'n paslike skoolsportsak gedra word.

8.9 Leerders wat aan tuiswedstryde deelneem, mag in hul paslike sportdrag by die veld/baan/lokaal opdaag.

**9.** **Akkommodering van Godsdienstige of Kulturele Regte** (Verwys na Godsdiensbeleid)

Ouers moet aansoek doen om af te wyk van die standaard skoolreëls as die reëls bots met, of inbraak maak op die godsdienstige regte van die leerder.

Die aansoek moet skriftelik wees en moet die spesifieke reël/s. wat moontlik aanstootlik vir die leerder se godsdiensregte is, soos in die Suid-Afrikaanse Konstitusie vervat, bevat.

## Lys van moontlike dissiplinêre sanksies wat onderskeidelik vir Graad 1-, 2-, 3- en 4- oortredings toegepas sal word.

Elke geval sal op eie meriete geëvalueer word en voorsien word van 'n regverdige sanksie vir daardie spesifieke saak. Regstellende aksies/sanksies word deur die betrokke onderwyser uitgevoer en kan die volgende insluit:

| Graad 1 - Oortredings | Voorgestelde regstellende sanksies |
|---|---|
| 1. Akademies: Boeke/werkmateriaal wat by die huis gelos is; huiswerk – nie betyds gedoen nie/gekopieër.<br>2. Buitemuurse aktiwiteite: Versuim om by oefeninge/ wedstryde op te daag (sonder 'n geldige verskoning aan onderwysers/afrigters)<br>3. Persoonlike gedrag in klaskamer / op speelgronde**:**<br>Onvanpaste liefdesbetoning tussen leerders; laat opdaag vir 'n klas; weiering om saam te werk; onhoflike optrede/opstandigheid/woede uitbarstings; vuil taal; ontsiering van skoolbanke/mure/boeke/tasse met graffiti; eet/kou in die klas; rommelstrooiing, luiende selfone.<br>4. Kleredrag: Slordige/ onversorgde voorkoms wat afwyk van voorgeskrewe kleredrag. | Mondelinge teregwysing<br>Stafpuntstelsel (D6)<br>Geskrewe kennisgewing (D6)<br>Detensie na drie (3) waarskuwings (D6)<br>Aftrek van punte (huiswerk)<br>Tydelike konfiskering tot die einde van die skoolkwartaal (bv. skooldrag, juwele, selfone, sakke en tasse)<br>Verwydering van graffiti van sakke en tasse gedurende pouse<br>Waarskuwingsbrief (D6) |

| Graad 2 - Oortredings | Voorgestelde regstellende sanksies |
|---|---|
| 1. Plagiaatpleging van enige werk of kullery of poging daartoe. Kullery in klastoetse/opdragte. | Nul vir toets en waarskuwingsbrief (D6). Opvoeder kontak ouers |
| 2. Skade aan eiendom/ander leerders se besittings | Herstel/vervanging, waarskuwingsbrief (D6) en detensie. Verhoor en moontlike uitsetting |
| 3. Tarting/verontagsaming van enige gesagsfiguur se opdragte. Ontwrigtend/nie-samewerkend in die klas. Ontwrigtende gedrag op skoolterrein of op skoolgeborgde byeenkoms/uitstappie/toer. | Skorsing uit die klas, waarskuwingsbrief (D6) en detensie. Verhoor en moontlike uitsetting |
| 4. Detensie – versuim om op te daag | Inhaal van gemisde detensie, waarskuwingsbrief (D6) en verhoor |
| 5. Verontagsaming van toets-/eksamenprosedures | Waarskuwingsbrief (D6), detensie en ontbied ouers |
| 6. Herhalende skending van kleredragvoorskrifte (insluitend hare en persoonlike versorging) | Na drie (3) mondelinge waarskuwings, waarskuwingsbrief (D6), detensie |
| 7. Bakleiery | Waarskuwingsbrief (D6) en ouers word gekontak |
| 8. Vuurwerke | Onmiddellike konfiskering, waarskuwingsbrief (D6) |
| 9. Vervalsing, bv. ouer/voog se handtekening | Waarskuwingsbrief (D6) en ouers word gekontak |
| 10. Dobbel binne en buite die skoolterrein | Waarskuwingsbrief (D6) en ouers word gekontak |
| 11. Graffiti: boeke, tasse, skoolbanke, ens. | Verwydering, waarskuwingsbrief (D6) en ouers word gekontak |
| 12. Laat vir skool – drie (3) keer | Onderwyser skakel ouers |
| 13. Leuens | Na 3 waarskuwings (D6) word ouers ontbied |
| 14. Afstootlike materiaal | Handig in by kantoor, waarskuwingsbrief(D6), ouers word ontbied |
| 15. Rook – besit/verkoop van sigarette/'vapes', vashou van sigarette/'vapes'/op heterdaad betrap op/buite die skoolterrein | Handig in by kantoor, waarskuwingsbrief(D6), ouers word ontbied |
| 16. Spoegery | Waarskuwingsbrief (D6) |
| 17. Steek van mede-leerders met 'n skerp voorwerp, bv. speld, pen, penpunt, ens. | Waarskuwingsbrief (D6) |
| 18. Dreigende aanval/intimidering van 'n mede-leerder | Opvoeder kontak ouers, waarskuwingsbrief (D6) |
| 19. Stokkiesdraaiery – mis van 'n les, 'n dag of deel van 'n dag | Opvoeder kontak ouers, waarskuwingsbrief (D6) |
| 20. Vandalisme – ontsiering / beskadiging / breek van skooleiendom | Opvoeder kontak ouers, waarskuwingsbrief (D6)<br>Betaal vir skade |

| Graad 3 - Oortredings | Voorgestelde regstellende sanksies |
| --- | --- |
| 1. Geboelie (emosioneel en fisies)/intimidasie | Opvoeder kontak ouers, waarskuwingsbrief (D6) |
| 2. Besit/verspreiding van toets-/eksamenmateriaal voordat die toets/eksamen afgelê is | Waarskuwingsbrief (D6), nul vir toets/eksamen, ontbied ouers |
| 3. Verdowingsmiddels – verbruik buite skoolverband | Onderhoud met ouers, professionele ingryping |
| 4. Bendes – bevordering van die stigting, aktiwiteite van, of die assosiëring met skoolbendes/sosiale groepe | Kantoor kontak ouers, waarskuwingsbrief (D6) en tydelike uitsetting |
| 5. Betrokkenheid/poging om buitestaanders te betrek in geskille tussen leerders | Kantoor kontak ouers, waarskuwingsbrief (D6), gemeenskapsdiens en detensie |
| 6. Besit en verspreiding van pornografie by die skool | Kantoor kontak ouers, waarskuwingsbrief (D6) en professionele intervensie |
| 7. Rassistiese gedrag wat 'n onderwyser/leerder laster | Skorsing. Kantoor kontak ouers.<br>Kulturele sensitiwiteit opleiding |
| 8. Onwelvoeglike voorstelle van seksuele aard | Skorsing uit die klas. Kontak ouers. Professionele intervensie. |

| Graad 4 - Oortredings | Voorgestelde regstellende sanksies |
| --- | --- |
| 1. Alkohol – drink/onder die invloed/besit van by skool of op skooluitstappie/drink in openbaar | Skorsing van skool. Dissiplinêre verhoor, waarskuwingsbrief (D6), skooldiens, detensie/uitsetting. Verwys na WKOD-omsendbrief 29 van 2021. |
| 2. Aanval op mede-leerder (wat ernstige beserings veroorsaak) | Skorsing uit skool. Dissiplinêre verhoor en uitsetting |
| 3. Omkopery/moontlike omkopery van enige persoon/ verontagsaming van enige toets/eksamenmateriaal | Dissiplinêre verhoor. waarskuwingsbrief (D6), gemeenskapsdiens, detensie/uitsetting |
| 4. Gevaarlike wapen of voorwerp, bv. mes – besit by skool | Hoof/Adjunk-hoof kontak ouers en vergader.<br>Onmiddellike konfiskering, skorsing uit skool.<br>Dissiplinêre verhoor, toepaslike intervensie.<br>Verwys na WKOD-omsendbrief 29 van 2021. |
| 5. Gevaarlike wapen of voorwerp, bv. vuurwapen – besit by skool | Hoof/Adjunk-hoof kontak polisie en ouers. Onmiddellike konfiskering, skorsing uit skool. Dissiplinêre verhoor, toepaslike intervensie.<br>Verwys na WKOD-omsendbrief 29 van 2021. |
| 6. Verdowingsmiddels / ongemagtigde dwelms – besit by skool of op skooluitstappies | Hoof/Adjunk-hoof kontak polisie en ouers. Onmiddellike konfiskering, waarskuwingsbrief (D6), skorsing uit skool. |

| | |
|---|---|
| | Dissiplinêre verhoor, toepaslike intervensie en gemeenskapsdiens. Detensie, moontlike uitsetting. Verwys na WKOD-omsendbrief 29 van 2021. |
| 7. Verdowingsmiddels / ongemagtigde dwelms – gebruik/onder die invloed by skool of op skooluitstappies | Hoof/Adjunk-hoof kontak polisie en ouers. Onmiddellike konfiskering, waarskuwingsbrief (D6), skorsing uit skool. Dissiplinêre verhoor, toepaslike intervensie en gemeenskapsdiens. Detensie, professionele berading en moontlike uitsetting.<br>Verwys na WKOD-omsendbrief 29 van 2021. |
| 8. Verdowingsmiddels / ongemagtigde dwelms – smokkelary by skool of op skooluitstappies | Hoof/Adjunk-hoof kontak polisie en ouers. Onmiddellike konfiskering, waarskuwingsbrief (D6), skorsing uit skool. Dissiplinêre verhoor, toepaslike intervensie en gemeenskapsdiens. Detensie, professionele berading en moontlike uitsetting.<br>Verwys na WKOD-omsendbrief 29 van 2021. |
| 9. Vervalsing van enige dokument of handtekening vir die potensiële/werklike vooroordeel van die skool | Hoof/Adjunk-hoof kontak ouers. waarskuwingsbrief (D6), skorsing uit skool, dissiplinêre verhoor, gemeenskapsdiens, detensie en moontlike uitsetting |
| 10. Bedrog(finansieël) | Hoof/Adjunk-hoof kontak ouers. waarskuwingsbrief (D6), skorsing uit skool, dissiplinêre verhoor, vergoeding, gemeenskapsdiens, detensie en moontlike uitsetting |
| 11. Verbale mishandeling van onderwyser | Hoof/Adjunk-hoof kontak ouers. waarskuwingsbrief (D6), skorsing uit skool, dissiplinêre verhoor, gemeenskapsdiens, detensie |
| 12. Dreig om onderwyser te intimideer/aan te val | Hoof/Adjunk-hoof kontak ouers. waarskuwingsbrief (D6), skorsing uit skool, dissiplinêre verhoor, gemeenskapsdiens, detensie |
| 13. Aanval op onderwyser | Hoof/Adjunk-hoof kontak ouers. waarskuwingsbrief (D6), skorsing uit skool, dissiplinêre verhoor, gemeenskapsdiens, detensie |
| 14. Seksuele aktiwiteite | Hoof/Adjunk-hoof kontak polisie en ouers. Toepaslike intervensie en professionele berading |
| 15. Seksuele teistering van onderwyser/leerder | Hoof/Adjunk-hoof kontak ouers en polisie. waarskuwingsbrief (D6), skorsing uit skool, detensie, moontlike uitsetting, toepaslike intervensie en professionele berading |
| 16. Diefstal/oneerlike gedrag tot die vooroordeel van 'n ander persoon | Dissiplinêre verhoor, vervanging van gesteelde items, waarskuwingsbrief (D6), gemeenskapsdiens, detensie en moontlike uitsetting uit die skool. |